Godsdiens Gr 7 (c)

Graad 7

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te laat besef dat godsdiens 'n baie belangrike rol in die lewe van die Afrikaner speel.
2. Te leer dat godsdiens 'n leefwyse is en nie net ‘n hulpmiddel nie.
3. Te help om die belofte wat ons afgelê het, na te leef.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet hoekom die Bybel gereeld vertaal word.
2. Weet wanneer die Bybel vir die eerste keer in Afrikaans vertaal is en wanneer die jongste vertaling vrygestel is.
3. Psalm 23 uit drie of vier verskillende Afrikaanse vertalings lees om die verskille te illustreer in die gebruik van die taal.
4. Vier Godsdienstige Afrikaanse liedere as groep saam sing.
5. Navorsing doen oor Godsdiens in ons volk se verlede:
   - Jan van Riebeeck se gebed toe hy voet aan wal gesit het.
   - die rol van die Hugenote in ons land.
   - die rol van die Bybel op die Groot Trek.
   - Die Gelofte by Bloedrivier.
6. Weet watter rol speel Godsdiens in ons volk se lewe vandag na aanleiding van die volgende:
   - hoekom vier ons Paasfees, Hemelvaart en Kersfees?
   - hoe vier ons Geloftedag - is ons getrou aan die gelofte?
   - hoe bring die gemiddelde Afrikaner sy Sondag deur?
   - Bespreek wat die Bybel hiervan sê.
7. Vasstel wat is die Bybel se standpunt oor:
   - dwelms en sterk drank.
   - voorhuwelikse seks.
   - aborsie.
   - moord.
   - diefstal.
8. Die volgende bespreek en/of doen:
   - As groep deelneem aan minstens een Godsdiensoefening soos huisgodsdiens.
   - Weet watter reels van die Voortrekkerkode handel oor Godsdiens?
   - Bepaal wat die waarde van ‘n kerkparade saam met ‘n gemeente is.
   - Bybelstudie in ‘n klein groepie doen oor een van die volgende onderwerpe:
     - Vriendskap
     - Gesagsaanvaarding
     - Geloof
   - Bespreek die waarde van
     - Gebed
     - Huisgodsdiens
     - Gereelde Bybellees
     - Om as gesin saam kerk toe te gaan.
9. Weet hoe om op te tree as:
   - maats skinderstories van jou vertel?
   - jou beste maat vir jou gejok het?
   - jy iemand in die klas vang wat gesteel het?
   - die groep iets van jou verwag waaroor jy ongemaklik voel?

- jou vriende die Heer se naam ydelik gebruik?
- jy en jou ouers stry gekry het?
- jy weet van 'n maat wat gemolesteer word?
- jy weet dat sekere kinders by die skool rook of dwelms gebruik?

10. ‘n Bybelverhaal uitbeeld in die drag van daardie tyd.
11. ‘n Gesprek voer oor: Dink jy dit is belangrik om God in jou lewe te ken en te erken as jou Heer?

C AANBIEDING

1. Vereiste 1 tot 3 is duidelik.
2. Vereiste 4: Die liedere moet tot die kind spreek.
3. Vereiste 5: Hierdie vereiste moet die kind laat besef hoe God werklik deel was van ons volk se verlede en nie net die historiese feite ken nie.
4. Vereiste 6: Die doel is om hierdie vier gebeurtenisse vas te lê. Die kind moet besef hoe naby of hoe ver ons vandag van die doel van die instelling van genoemde dae af leef.
5. Vereiste 7: Omdat hierdie alles sake is wat ons en veral die jeug raak, moet dit duidelik en direk aangespreek word. ‘n Predikant of kenner moet verkieslik hierdie afdeling hanteer.
6. Vereiste 8: ‘n Kerkdiens, spangodsdiens, kampdiens, as span huisgodsdiens hou.

   Bybelstudie in spantyd of op ‘n kamp. Offisier kan dit lei en die groep lewer insette. Dit is ‘n bespreking waaraan almal moet deelneem en nie net spangodsdiens nie.

   “Die waarde van”: Hier het die Offisier ‘n gulde geleentheid om oor die dieper dinge van die lewe te gesels.
7. Vereiste 9: Dit is ‘n goeie voorbereiding vir die besprekings oor verskillende situasies tydens die Voorslagkamp. Maak seker dat elkeen standpunt inneem en nie “ja, maar” nie.
8. Vereiste 10: Die kleredrag dra baie by tot die atmosfeer en lok goeie gesprekke uit.
9. Vereiste 11: Die vraag vereis nie net ‘n ja of nee nie maar ook ‘n hoekom en hoe. Dit kan deur gesprekke, uitdeelstukke of werksblaaie hanteer word.